NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

February 2006 **Februarie 2006**

Redaksioneel

In al die jare wat ek lid van hierdie vereniging is het ek nog nie so 'n suksesvolle algemene jaarvergadering meegemaak nie. Sonder om enigsins te sukkel het ons 'n nuwe komitee verkies en kon ons met die res van jaar begin! Ons almal vertrou dat die nuwe komitee op hierdie trant kan voortgaan en 'n baie suksesvolle jaar sal beleef.

I must say that I have great expectations for this year. After Lou Coetzer's letter, it seems as if all of us have a new commitment for the coming year. I say this after having attended the meetings of the turners as well as the toymakers' meeting. It is sincerely hoped that this positive attitude will prevail throughout the year, and that it will culminate in a successful exhibition.

Events for February

- **Wednesday 15 February at 18h00:** Turners' meeting at At Smit's workshop, 546 Pucini Street, Constantia Park.
- **Wednesday 22 February at 18h00:** Monthly meeting at the Botany Department, University of Pretoria. At Smit will discuss and demonstrate band saw tuning and techniques.
- **Wednesday 1 March at 18h00:** the toymakers will meet at the workshop of Gerhard du Randt, 379, 11th Avenue, Gezina. Telephone: 012 329 4110

Vorige vergadering

Ons laaste vergadering was die algemene jaarvergadering en soos reeds vermeld het dit sommer baie glad verloop en dui dit hopelik op groot vooruitsigte vir die komende jaar.

Die komitee vir hierdie jaar bestaan uit die volgende lede:

Voorsitter: At Smit

Lede:

Gerhard du Randt
Danie Venter
Lou Coetzer
Willie de Wet
Roger Courtney
Brian Addis - Sekretaris
Dries du Toit - **ons nuwe Tesourier**

We want to thank all these members for their willingness to serve on the committee and whish them all the best for the year to come.

Next meeting

Our next meeting will once again be at the Botany Department, University of Pretoria. At Smit will show us how to use a band saw correctly.

Draaiershoekie

Soos nou reeds die norm is, het die draaiers sommer van die begin af afgeskop met 'n eerste vergadering wat deur die meeste lede van hierdie groep bygewoon is. Daar was ook ook 'n goeie aantal pragtige draaistukke wat vertoon is. (Kyk die fotos hieronder)

Vanuit die staanspoor is dit duidelik dat hierdie groep van voorneme is om hierdie jaar te streef om steeds beter te doen as voorheen. Die program vir die jaar se bedrywighede is klaar uitgewerk en dit skyn asof ons sommer lekker tye het om na uit te sien. (Die jaarprogram is aangeheg by die Tambotie en lede word versoek om dit vir maklike verwysing te bewaar) **Al die draaiers word weer eens daarop gewys dat die draaiers voortaan op die Woensdag voor die vereniging se maand vergadering sal vergader en nie meer op die voorafgaande Dinsdag nie!!)**

Die eerste foto toon 'n uitgeholde stuk deur At Smit. Ek glo 'n mens kan hier praat van dubbel uitgehol . Die foto toon nie so duidelik wat hier gebeur het nie, dog dit kan genoem word dat hierdie poging nie vir beginners aanbeveel word nie, want dit verg heelwat

vaardigheid om al die elemente van hierdie stuk baas te raak.

At se dubelle uitgeholde bak.

'n Gedeelte van die laaste vergadering se produkte.

Verdere draaistukke van January se vergadering.

Die nuwe voorsitter se eerste bydrae

Die eerste verkiesing van 2006 het toe gekom en gegaan en die lede het hul demokratiese reg uitgeoefen en 'n nuwe komitee verkies. Gelukkig is daar vyf van die vorige komiteelede wat weer in die nuwe komitee dien en dit help natuurlik baie vir kontinuïteit. Ek bedank die vorige komitee vir hul onbaatsugtige diens en toewyding om ons vereniging op die regte pad te hou. Ek wil tog 'n ekstra woord van dank uitspreek teenoor Carl van Rensburg dat hy vir ongeveer dertien jaar as tesourier gedien het. Dit is voorwaar 'n prestasie waarvoor een en almal hom baie dank verskuldig is. Baie dankie Carl.

You, the members of the Woodworking Association of Pretoria, have elected a chairperson who is really not known for his diplomacy and who is also not good at writing motivational speeches. So, pay your membership fees early and participate actively and enthusiastically in the activities and aims of your association and enjoy it and be happy!

"Any fool can criticize, condemn and complain. Most fools do!" Dale Carnegie

Fortunately we do not allow fools to become members of our association.

Elke lid het sekerlik sy eie rede waarom hy vrywilliglik aan hierdie vereniging wil behoort en elkeen het seker sy verwagtinge van wat hy sal baat deur aan die vereniging te behoort. Ek en die res van die komitee kan nie gedagtes lees nie. Kommunikeer dus jou gedagtes, verwagtinge, voorstelle ens aan die komitee, verkieslik op skrif sodat dit oorweeg kan word. Wees egter realisties- dit id onmoontlik om elke voorstel wat gemaak word te implimenteer.

My persoonlike mening is dat die grootste vordeel wat so 'n vereniging aan lede bied is die geleentheid om vriende te maak wat dieselfde belangstellings het, ook dieselfde probleme en frustasies. Leer mekaar ken en help mekaar. Ek en my komitee sal help om rigitng te gee, maar ons is nie bomenslik nie en ons het dus julle steum en hulp nodig.

Dis nou genoeg wyshede vir my eerste poging.

My potlood is in elk geval nou stomp en niemand kan goeie werk met stomp gereedskap doen nie!

At Smit.

Toymakers

The toymakers met at Louw Trichardt's workshop. The turnout was once again small as this group always consisted of only a few members. However, it was clear that the members of this group remain enthusiastic. They resolved that they wish to

improve on the last year's achievements. To summarise:

- We want to cater for beginners and experienced toymakers
- We intend to have a monthly bring and show meeting .
- At the monthly meetings we want to judge all the pieces and criticize it, so as to help improve the workmanship of the members.
- We will have monthly projects and superimpose a quarterly project on the monthly ones so as to allow more elaborate pieces to be made, which will provide more taxing exercises that may improve skills in making proper woodworking joints etc.
- In choosing our projects, we will try to bear in mind that you have two categories of toys, namely toys to play with, and those made for display purposes. The former will have functionality as the priority and the latter will have artistry and workmanship at a premium. Thus we will be able to ensure that we may still bring joy to children somewhere, and on the other hand we will foster good woodworking skills among our members.

Vir die afskop het ons besluit dat ons vir die volgende vergadering 'n "lorrie" wil maak . Hier het ons vrye teuels deurdat dit funksioneel ('n ware speelding) of vir vertoon kan wees, met deeglike afwerking, ingewikkelde voeë ens.

BEOORDELING OF NIE

Die beoordeling van items op ons jaarlikse uitstalling bly maar 'n turksvy. Elke lid het 'n eie mening of daar beoordeel moet word of nie. Sommiges voel ernstig daaroor terwyl ander meen dit veroorsaak 'n mate van "gevoel" tussen lede. Die stel van standaarde en die strewe na perfeksie is 'n eienskap wat in meeste van die wêreld se beskaafde lande voorkom en lewer 'n groot dryfveer vir ontwikkeling. In die Westerse wêreld is dit die norm om te beoordeel en pryse of sertifikate aan die "bestes" toe te ken. 'n Persoon of persone besluit, volgens vooropgestelde norme (waaroor ons ook kan verskil), wie is die beste, die 2de beste, die 3de beste ens. En gewoonlik is daar dan die deelnemers of publiek wat daarvan verskil.

Hoe los ons die probleem op?

In hul strewe na harmonie, perfeksie, vorm, individualiteit, die ideaal ensomeer, het die Oosterse nasies voor hierdie selfde dilemma te staan gekom. Daar is besef dat elke persoon sy eie idee het oor wat vir hom/haar mooi en aantreklik is en dat dit heelwat tussen groepe en veral kulture kan verskil. Die neiging het toe begin posvat om mense self te laat besluit watter eienskap of vorm van 'n produk vir hom/haar aantreklik is en dan vir daardie persoon die keuse te laat om dit na te streef.

Die Bonsai-kwekers in Japan was waarskynlik die voorlopers op hierdie gebied. Beoordeling, pryse, kampioenskappe, toekennings en ander vorms van meting het weggeval en individue kon self besluit watter van die voorbeelde op skou hy/sy as die beste beskou en wou nastreef. Die keuses en redes daarvoor kon in 'n boek neergeskryf word vir ander om te lees en daaroor te argumenteer of te debatteer.

En wat was die resultaat? Gevoelens tussen lede het versag en teleurstellings het verdwyn. Tradisie is wel prysgegee maar die strewe na harmonie en perfeksie het begin seevier. Die gevolg was groter getalle deelnemers, wyer gesprekvoering oor norme en 'n verskeidenheid produkte op die uitstallings.

Ons vereniging sal ook moet besin oor hoe ons die aangeleentheid in die toekoms gaan hanteer – met harmonie tussen lede as hoofdoel. Ek is van mening dat die verskeidenheid items (veral draaiwerk) dit uiters moeilik maak om objektiewe beordeling te doen en dat dit tot voordeel van die lede sal strek as gestruktureerde beoordeling wegval en vervang word met 'n boek (selfs net op 'n toets-basis) waarin lede en die publiek hul keuses en kommentaar kan neerstip. Hiervolgens kan Bestuur dan besluit watter item die beste op skou is. En ek glo oor so 'n besluit sal daar ook meningsverskille wees.

Leon Langenhoven.

(***Manne en dames, hierdie is 'n saak wat al vir jare groot gesorekvoering tot gevolg gehad het. Die beoordeling is ook al verskeie kere oorweeg, verander, her- opgetstel ens. Tot op datum het ons nog nie kosensus bereik nie en veroorsaak dit steeds ongelukkigheid by baie van ons lede. Ek weet dat die komitee hard aan die nadink is oor beoordeling. Hier is een sienswyse- wat is julle opinie? Laat die bestuurjhul voorstelle of idees kry. Redakteur)***

Nuwe lid

Namens al ons lede wil ek 'n hartlike woord van welkom rig aan die ondergenoemde lid wat intussen by ons aangesluit het. Ons vertrou dat jy sommer

baie gou welkom sal voel en goed by al ons berywighede sal inskakel :

Naam: J (Johann) Viljoen
Adres: Tolbosstraat 161, Floruana
Telefoon: 012 546 2290 (H) 012 538 9414 (W)
Selfoon: 082 805 6778
E-pos: johannv@tshwane.gov.za
Belangstelling: Draaiwerk en meublemaak

Ken mekaar

In die voorsitter se stukkie hierbo, het hy gemeld dat Carl van Rensburg reeds jare lank die pos van tesourier vir die vereniging vervul Dit is vir my snaaks hoeveel keer somige van ons lede vra wie die tesourier is (of was) as hulle hul ledegeld moes betaal. Dit is miskien goed as ons hier, waar hy as tesourier aftree, so ‘n klein blikkie sou gee op wie hy is. Moontlik kan ons sommer ook hiermee voortgaan en elke maand ‘n kort opsomming van sommige van ons lede gee. Dankie aan Louw Coetzer wat hierdie besonderhede van Carl gekry het. Redakteur

Ek is Carl van Rensburg, gebore 30 Desember 1964 in Pretoria en woon nog steeds hier.

Ek het na matriek en diensplig by Centurion Stadsraad Finansies begin werk en later na-uurs BComm. by Tukkies gaan studeer. Ek is toevallig vandag 20 jaar by my werk. Vroeg dieselfde jaar wat ek begin studeer het (1988), het Willie Marneweck ‘n advertensie in die koerant geplaas waarin hy houtwerk stokperdjie entoesiaste nooi om ‘n vergadering by sy huis by te woon met die doel om ‘n houtwerkvereniging te stig. Ek het die vergadering bygewoon maar kon toe vanwee my studies nie aansluit nie. Ek het toe die begin van 1992 aangesluit en dien op die bestuur sedert 1993.

Ek is op 22 Januarie 1994 met Lizelle getroud en ons drie seuns is Cobus (amper 8) en ‘n tweeling Pierre & Henri (amper 5). Lizelle is ‘n prokureur wat ‘n praktyk by ons huis bedryf.

My houtwerkbelangstelling het in trappe gevorder. As kind het ek altyd tamatiekassies in die hande probeer kry om uitmekaar te maak en op ander maniere weer aanmekaar te sit om vir die honde huise en doolhowe te bou. Ek het in my vroeë hoërskooljare ‘n houtwerker ontmoet wat my grootste inspirasie geword het. Hy het Imbuia en Pau-Marfin meubels vir sy huis gemaak op ‘n stokperdjie basis. Ek het in die middae na skool begin werk vir fooitjies om my eerste masjien, ‘n DeWalt radiaalsaag, te koop. Ek het toe begin om die persoon se meubels te probeer na-maak, maar die eerste tafeltjie en stoeltjie wat ek gemaak het, het albei gebreek met die eerste gebruikslag. So het ek begin leer hoe dit gedoen moet word. Ek het ‘n paar meubelstukke gemaak waarmee ek toe tevrede was en het toe vanaf 1993 begin om vir kliënte meubels te maak. Deur die jare het ek min stukke vir myself kon maak, omdat die bestellings net nooit opgehou het nie.
Ek spog darem met ‘n Swarthout drankkabinet, ‘n Ysterhout riempiebankie, ‘n Kiaat teetrollie en ‘n paar ander stukke vir my huis. Vir kliënte het ek al baie meubels gemaak wat ‘n slaapkamerstel, ‘n eetkamerstel, ‘n kroegtoonbank en baie kabinette en tafels insluit. Ek het hoofsaaklik in Swarthout, Eikehout en Kiaat gewerk. Ek het ook eenkeer interessante moderne goed moes maak, waar ek met Maple en alluminiumplaat moes werk.

Die houtwerk oorheers ‘n mens se denke oor jou vrye tydsbesteding, en het ek nooit tyd gehad om ander stokperdjies te beproef nie. Al wat ek nog doen is om Klassieke musiek en Opera te waardeer. Ek is maar ‘n konserwatiewe mens en geniet my gesinstyd as ek nie houtwerk doen nie.

Subs

I do not want to be and old ninny, but I do want to try to remind everyone that it is once again time to pay yours subs. It would be greatly appreciated if all of us would be so kind as to pay the R180 by the end of February. This will greatly enhance the bookkeeping and it will enable the Secretary to bring out the updated membership list at an early date. Thank you for your co operation in this regard. Should you wish to send your money by post, the address is: Mr Dries du Toit, 80 Livinstone Road, Centurion, 0157. Cheques should be made payable to: The Woodworking Association of Pretoria. (Afr. Die Houtwerkvereniging van Pretoria)

REDAKSIE

Redakteur: Louw Trichardt
Adres: Posbus 50606, Wierdapark, 0149
Telefoon: 012 653 1874
E-pos: louwmarie@icon.co.za

(Forthwith, the distribution of the Tambotie will be my responsibility. The snail mail is done according to address tags supplied by the secretary. If you do not receive your copy later on, it may mean that you have not yet paid your membership fees!)